Die boer Nabot, die koning Agab en die profeet Elia
Gedagtes oor grond in 'n gesprek van die NG Kerk-familie 18 September 2018

"Thanks to a favourable season, the crops have been a great success; the wheat has rapidly developed; an abundant harvest is expected... however... Grants of land have been made to various settlers; they have received the order to occupy these new farms in the course of the current month, and this appropriation must be preceded by the destruction of the crops the maturation of which a famished population is impatiently awaiting. What will happen when the attempt is made to enforce this measure? In the minds of the South African colonists, an annexation is... to expropriate the inhabitants in order to substitute oneself to them. Is it to be wondered at if reconciliation between the white race and the black has remained impossible to this day?

The political horizon seems to darken again... The Chief of the Basuto, it is said, declares that he refuses to recognize any frontiers except those determined by Sir G. Grey... All the so-called conquered territory is once more inhabited by Basuto. The mountains are fortified. A few Boers who had purchased farms in the territory belonging to the Basuto and who refused to withdraw, have been killed. There is a general panic in the Free State."

(Uit 'n verslag en brief van die sendeling T Jousse te Thaba Bosiu,
onderskeidelik gedateer Januarie en Julie 1867, aan die Paryse Evangeliese Sending[1]
- 150 jaar gelede)

1. INLEIDEND: OOR DIE REIS NA 'N INKLUSIEWE OPLOSSING

Sonder twyfel dié vraagstuk in ons landsgeskiedenis, oor lewensruimte en identiteit

Aanvanklik die ontnugtering, propaganda en paniek

Die ontstellende belewenis om as nasie in die spieël te kyk

'n Vensterperiode vir die terugkeer van redelikheid en konsensus oor 'n konstruktiewe plan

'n Brose ewewig vir die toekoms

En waar was/is die kerke?

2. 'n PROFETIESE ROEPING VIR KERKE

Woorde van God: 'n teologiese getuienis oor grond en mense, is nodig...

- As Skepper, behoort hemel en aarde aan God; die bronne, grond en mense (Ps. 24).
- As Skepping, is hierdie aarde deur God geseënd om lewe te kan onderhou (Ps. 104).
- In sy Skepping gee God lewensruimte aan mense, om te woon en te werk (Hand 17).
- In sy Skepping gee God 'n verantwoordelikheid aan mense as rentmeesters (Gen 1).
- In sy Skepping verwag God respek vir die lewensruimte van 'n ander – dus, nie diefstal (Eks. 20; HK So 42 110 & 111).
- In sy Skepping maak God óók voorsiening vir die weerloses, die armes (Lev. 19 & 25).

[1] Gepubliseer in RC Germond, *Chronicles of Basutoland. A running commentary on the events of the years 1830-1902 by the French missionaries in Southern Africa*, Morija Sesuto Book Depot, 1967:283-284 en 292.

- As Skepper, gee God gesag aan owerhede om lewensruimte te beskerm en bestuur (Rom 13).
- Onderweg in/met sy Herskepping, het God die Selflose as Voorbeeld gegee om na te volg (Mat. 8)

Stem van die gewete: 'n verantwoorde historiese perspektief is nodig, omvattend en geïntegreerd...

- "vestiging van 'n verversingstasie"
- "vergroting van grondgebied vir vryburgers en veeboere"
- "verdrywing van nomades"
- "afbakening en afkamping"
- "transaksies en traktate"
- "okkupasie, anneksasie en oorlog"
- "vereniging en verdeling"
- "titelaktes, kaart en transport"
- "wetgewing oor (groeps)gebiede"
- "begunstiging en bevoorregting"
- "restitusie en grondhervorming"

"Speaking truth to power": 'n pleidooi vir geregtigheid wat lewensruimte skep...

- Herinner die owerheid aan sy opdrag om orde en reg te handhaaf en beleid te bestuur.
- Dring daarop aan dat onreg uit die verlede reggestel móet word.
- Verseker dat herstellende geregtigheid nie 'n herhaling of pleeg van nuwe onreg is nie.
- Moedig die groei van 'n gemengde ekonomie aan wat kontekstuele diversiteit beregtig.
- Ondersteun geregtigheid wat deure open om landsburgers die ekonomie in te help.
- Doen reg deur (jong)mense met dienste, kennis en vaardighede te bemagtig.
- Soek geregtigheid wat volhoubare oplossings in 'n land met beperkte bronne, nastreef.

3. 'n PRIESTERLIKE BEDIENING DEUR DIE KERKE

'n Lewenswandel en -houding van vertroue en daarom ook kalmte en balans –

- Deur gesonde, eerlike ruimtes vir aanbidding te skep en te handhaaf.
- Deur persoonlik en met onderskeiding te soek na God se wil in hierdie tyd en konteks.
- Deur praktyke in te oefen van 'n stil vertroue op dié God uit Wie se hand ons lewe kom.
- Deur dankbaar te leef, in persoonlike sin én as gemeentes in ons eredienste en aksies.

'n Begripvolle uitreiking na verskillende rolspelers -

- Deur met 'n openheid te leef om diversiteit in ons kontekste/gemeenskappe te aanvaar.
- Deur doelbewus te probeer om grense oor te steek ten einde "die ander" te ontmoet.

- Deur betrokke te raak by publieke gesprekke/ontmoetings oor die grondkwessie.
- Deur te wag en te luister, sodat ons van mekaar kan leer.
- Deur te soek na weë om "die ander" te akkommodeer/in te sluit.
- Deur die offer wat bogenoemde vra, te bring.

'n Pastorale ondersteuning aan diegene deur grondhervorming/hervestiging geraak –

- Deur erkenning te gee aan bestaansonsekerheid en vervreemding wat lidmate beleef.
- Deur ruimte te maak vir gebed in eredienste en elders, oor ons land, konteks en mense.
- Deur sensitief te wees vir waar die behoefte aan 'n pastorale gesprek/perspektief leef.
- Deur ruimtes in te rig waar mense hul sorge/trauma kan deel/ontlont.
- Deur bewus te wees en ondersteuning te gee vir lidmate wat verliese mag ly.

4. 'n KONINKLIKE HANDELING UIT DIE KERKE

'n Gebaar ter erkenning van die problematiek –

- Moenie onttrek na "die binnekamer", in 'n vrome piëtisme!
- Gaan, en vra vir 'n geleentheid by gesagsdraers, in omstrede gebied of nood...

'n Ilustrasie dat, en van wat ons uit ons eie verlede geleer het –

- Uit die verhaal v/d NGK Vrystaat, NGKA en VGKSA – oor eiendom, grond en geboue.
- Vanuit 'n geskiedenis van bevoorregting, na waar kerke steeds nie eienaarskap het...

'n Bevestiging van 'n verbintenis tot hierdie konteks –

- Moenie uitvlug iewers heen!
- Toon op tasbare wyse dat die nood van/aan land, ook die kerk/gemeentes aanspreek – daardie kerkgebou in die middel van die dorp...

'n Daad van integriteit en hoop –

- Soek na 'n simboliese, maar betekenisvolle gawe om die nood/druk te verlig.
- Soek na 'n verantwoorde weg om met álle kerklike eiendomme om te gaan...

5. TOT SLOT, EN AANMOEDIGING...

"The minister of the Dutch Reformed Church in Bloemfontein, Mr. van der Walt (sic), defended the cause of our mission in a sermon which he preached in Bloemfontein after the Volksraad had decreed our expulsion, and which caused a stir. On this occasion he was not afraid to take as the topic of his exhortation the seizure of Naboth's vineyard by Achab and to apply it to the circumstances of our mission. It is possible that this example of fidelity may have injured him in the minds of several of his parishioners, while he may have brought others back to fairer sentiments..."

(Uit 'n brief van sendeling Cochet, gedateer 18 Mei 1866 en vanaf Aliwal-Noord, gerig aan die Paryse Evangeliese Sending[2] - na aanleiding van die verhaal in 1 Konings 21).

[2] Gepubliseer in RC Germond, *Chronicles of Basutoland...*, 1967:280.